

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Februarie 2016 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 2-5:1, 3 (35:1, 3)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!  
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge omvat!  
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.  
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
  
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;  
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,  
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,  
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

Loflied: Psalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!  
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy  
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
  
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.  
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,  
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 9-1:10, 11 (26:10, 11)

- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
  
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 72:1, 4 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid  
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.  
Dan vind u volk weer 'n beskermmer, / een wat hul saak besleg,  
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
  
- 4 Dan kom die tyd van welbehag, / wanneer die vrede bloei;  
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.  
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,  
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

**Skriflesing:** Filippense 3:1 – 4:1

**Kernverse:** Filippense 3:8-9

**Ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles**

**prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vry-spraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. (Filippense 3:8-9 AFR83)**

**Tema:** Staan vas en bly getrou aan die Here; lê jou daarop toe om Christus te ken

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, baie mense het al groot teleurstellings oor finansiële beleggings beleef. Ons praat nie eers van hierdie sogenaamde gou-ryk-word-skemas nie. Ons praat van beleggings by goed gevestigde instellings. Vir jare het hulle maandeliks 'n bedrag belê. En toe die tyd aanbreek dat daardie belegging uitbetaal word, is die groei so weinig dat jy voel jy kon net sowel jou geld onder die matras gebêre het. Miskien het jy dit met 'n polis ervaar. En die eerste gedragte toe jy die opbrengs sien, was dat dit 'n hele bedrogspul was. Al daardie beloftes van groot winste was uiteindelik maar net praatjies.

Om so 'n finansiële teleurstelling te beleef is erg, maar dit is nie naastenby so 'n teleurstelling soos wanneer jy jou hele lewe in 'n saak belê het en aan die einde moes uitvind dat dit nie die regte saak was waarin jy belê het nie. Ek dink hier aan die mense van wie Jesus vertel in Matteus 7 toe Hy gesê het dat nie almal wat vir Hom Here, Here sê in die koninkryk van die hemel sal kom nie (Matt 7:21). Ons hoor uit Jesus se woorde dat hierdie mense nie verkeerde dinge gedoen het nie. Hulle het in die Naam van die Here gepreek, duiwels uitgedryf en wonders gedoen en hulle was oortuig dat al hierdie dinge vir hulle toegang tot die koninkryk sou gee. Hulle het hulle hele lewe hierin belê. Maar die Here sal hulle antwoord dat Hy hulle nooit geken het nie.

Paulus het in sy verlede vir baie jare ook 'n klomp goed gehad en gedoen. Hy het so te sê sy hele lewe daarin belê, want hy was oortuig dat as jy die regte voorgeslagte het en jy doen die regte dinge sal God nie anders kan as om jou regverdig te verklaar nie. Deur die genade van die Here het Paulus vroegtydig agtergekom dat die dinge waarop hy staatgemaak het om geregverdig te word hom niks in die sak sou bring nie. Om die waarheid te sê, in vergelyking met kennis van Jesus Christus, is al daardie dinge absoluut niks werd nie.

'n Ware gelowige sal die waardeloosheid van sy eie karakter en sy eie werke raaksien wanneer dit kom by die regverdiging voor God. Wanneer jy besef hoe waardeloos daardie dinge is waarop jy vroeër soveel jou vertrou gestel het, hou jy sommer dadelik op om op daardie dinge staat te maak. Paulus het dit oombliklik besef toe hy die helder lig van Jesus Christus se heiligheid op die pad na Damaskus gesien het. Alhoewel nie almal so skielik tot bekering gebring word soos Paulus nie, sal elke ware bekeerde mens hierdie radikale verandering in sy lewe hê dat hy op niks anders nie as op Jesus Christus en sy voltooide werk kan vertrou om geregverdig voor God te wees.

Al die dinge wat Paulus oorgeërf het as 'n gebore Jood – dat hy op die agtste dag besny is, dat hy uit die geslag van Israel is, dat hy uit die stam Benjamin is en dat hy 'n Hebreër uit die Hebreërs is – het hy afgeskryf as van nul en gener waarde. Selfs die dinge wat hy deur baie harde werk verkry het – die feit dat hy 'n Fariseër was, dat hy 'n vervolger van die kerk was en dat hy hom werklik daarop toegelê het om die wet stiptelik te gehoorsaam – het vir hom ná sy bekering en geloof in Jesus net mooi niks meer beteken nie.

Ek dink as jy vir baie mense in die straat vra of hulle Christene is, sal hulle dadelik ja antwoord. 'n Mens is egter nie 'n Christengelowige net omdat die sensus van die land

daarop dui dat die meerderheid in Suid-Afrika Christene is nie. Net so maak iemand 'n fout om te dink dat hy 'n ware Christen is net omdat hy in 'n Christelike huis gebore is. Iemand is mos nie 'n gebore werktuigkundige omdat sy pa 'n werktuigkundige is nie. Ander mense dink weer dat hulle ware gelowiges is net omdat hulle gedoop is of omdat hulle elke drie maande getrou by die nagmaal-erediens is. Dit is nie dinge wat ons het of doen wat van ons ware gelowiges maak nie.

Paulus is oor die dinge waarop hy vroeër so trots was baie beslis. In vers 8 van ons vertaling word daardie dinge *verwerplik* genoem. In die 53-vertaling is daardie woord vertaal met *drek*. In aansluiting by vers 2 waar hy hierdie dwaalleraars honde noem, kan 'n mens sê dat daardie dinge waarop Paulus vroeër so trots was nou vir hom as Christen net so sleg is soos daardie ou vrot kos tussen die vullis in die straat waarop straathonde teer.

Omdat trots op 'n mens se eie karakter en werk so maklik na die oppervlak kom, sê Paulus dat hy aanhou om alles as waardeloos te beskou. As daar iemand was wat werklik trots op sy werk as Christen en apostel kon wees, was dit Paulus. Maar al sy toewyding om die evangelie te verkondig, al die kerke wat tot stand gekom het op grond van sy prediking en al die vervolging wat hy as Christen gely het, het hy ook as waardeloos beskou.

Paulus beklemtoon dat verlossing en regverdiging slegs moontlik is deur die geloof in Jesus Christus. Kyk net hoeveel keer sê hy dit in hierdie paar verse. Hy sê dat hy alles van vroeër as waardeloos beskou ter wille van Christus (3:7), om Christus Jesus te ken oortref alles in waarde (3:8), ter wille van Christus het hy alles prysgegee (3:8), sodat hy Christus as enigste bate kan verkry (3:8), sodat hy een met Christus kan wees (3:9). Maar wat beteken dit om Christus as enigste bate te verkry?

In die eerste plek beteken dit om Christus persoonlik te ken as jou Here. Let op hoe sê Paulus dit:

**Ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.** (Filippense 3:8 AFR83)

Wanneer dit kom by verlossing en regverdiging voor God, bestaan daar nie 'n groepsversekering nie. Net omdat Jesus Christus jou ouers se Verlosser is, beteken dit nie dat Hy outomaties ook jou Verlosser is nie. Elke ware gelowige moet saam met Paulus kan sê: Christus Jesus, *my* Here.

Om Christus Jesus as jou Here te ken is 'n lewenslange proses waarin 'n mens groei (vanaand sal ons meer oor hierdie proses hoor). Alhoewel kennis van Christus 'n proses is, begin dit op daardie oomblik dat die Heilige Gees die geloof in jou opwek en Jesus jou Here word. Wie Jesus Christus nie persoonlik ken as die Here wat sy lewe vir hom afgelê het en uit die dood opgewek is om hom voor God te regverdig nie, is nog verlore en nie gered nie.

Wanneer 'n mens daartoe kom om Christus Jesus persoonlik te ken as jou Here en jou Verlosser, word so 'n mens in Christus ingelyf. Wanneer die Heilige Gees 'n mens tot bekering en geloof in Christus bring, lyf Hy so 'n mens met die ware geloof in Christus in. En alles wat waar is van Christus word dan ook waar van daardie ware gelowige. God die Vader kyk na elke ware gelowige deur die voltooide en volmaakte werk van Christus. En dit is net deur die ware geloof in Christus dat 'n mens hierdie posisie voor God verkry.

Die oomblik wanneer 'n mens dan van al sy eie prestasies vergeet – die dinge wat hy geërf het en die dinge waarvoor hy gewerk het – en dit ter wille van Christus as absolute gemors

beskou, en hy word deur die Heilige Gees in Christus ingelyf met die ware geloof, dan is so 'n mens geregverdig voor God.

En luister nou net wat beteken dit om so deur die ware geloof in Christus geregverdig te wees. Al kla jou gewete jou aan dat jy teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan regtig gehoorsaam het nie en dat jy nou nog gedurig geneig is tot alle kwaad, skenk God nogtans uit suiwer genade die volle betaling wat Christus aan die kruis volbring het, sy volmaakte gehoorsaamheid en heiligheid aan jou sonder dat jy dit enigins verdien. Dan kry jy presies dieselfde behandeling van God as wat Jesus Christus van sy Vader ontvang. God behandel jou dan asof jy nog nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof jy self volmaak gehoorsaam was aan elke enkele gebod van God.

Paulus het besef dat sy gehoorsaamheid aan die wet, sy ywer om vir die Here te lewe en sy bevoorregte plek in die Joodse volk hom niks baat sou wanneer hy voor die regterstoel van Christus te staan kom nie. Al my en jou werk in die kerk van die Here, al ons Bybelstudies en eredienste, sal nie maak dat God ons vryspreek nie. Want al hierdie dinge wat Paulus self gedoen het en wat ons self doen, is ons eie geregtigheid. En ons eie geregtigheid is deurtrek met ons eie sondige trots. Daarom beteken al hierdie dinge niks wanneer dit kom by verlossing en regverdiging voor God nie.

Om hierdie rede sê Paulus dat hy een wil wees met Christus Jesus. Hy wil op geen ander plek wees nie as in Christus wanneer hy voor God as Regter moet verskyn. Dit is immers slegs deur die geloof in Christus dat 'n mens in Christus gevind kan word. En dit is alleen wanneer 'n mens met Christus se volmaakte lewe en werk beklee is dat 'n mens enigins voor God kan kom en verwag dat Hy jou so sal behandel soos wat Hy sy eie geliefde Seun behandel.

Nou kan daar gevra word: Wat het dit alles nou met viering van nagmaal te doen? Dit het alles daarmee te doen. Net die mense wat hulle eie sondes afskuwelik vind en wat weet dat hulle eie prestasies en eienskappe niks voor die Here beteken nie, maar Jesus Christus ken as hulle enigste en volkome Verlosser en hulle voorneem om Hom nog beter te leer ken en nog meer begeer om met Hom beklee te word, mag na die tafel van die Here kom om in hulle geloof versterk te word.

Wanneer dit gesê word, druk die Heilige Gees ons nie van die tafel van die Here af weg nie. Hy laat ons die erns van nagmaal vier besef. Hy dring binne ons daarop aan dat ons onself nou sal voorberei om nagmaal te vier tot eer van die Here en tot versterking van ons geloof in Christus.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 17-2:1, 3 (18:1, 3)

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar, vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-eeen? of wie die ewige Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Skrifberyming 17-2:5, 6 (18:5, 6)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,  
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,  
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Skrifberyming 17-2:7, 8 (18:7, 8)

- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.  
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;  
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
28 Februarie 2016